CONF/0002,74

National Archives of Namibia

7: Captain Kosimang

Agbare Mnr die Voorsitter:

Ek as tradisionele leier, en die Tswanasprekende gemeenskap van Namibia, sien die ontwikkeling van die kommunale gebiede as die hoeksteen van die opheffing van die meerderheid van die mense van ons land.

Dit is ongelukkig so dat die koloniale regering van die verlede versuim het om die sogenaamde tradisionele areas ten volle te ontwikkel. As gevolg van daardie leemte sit ons vandag met meer as 80% van ons bevolking wat nog onder derdewêreld standaarde verkeer.

In die proses van landhervorming is ons oortuig dat die volgende sake dringende aandag moet geniet:

(i) Ons mense moet so gou moontlik eiendomsreg bekom - in beide die tradisionele, sowel as die kommersiële areas van ons land.

(ii) Kommunale gebiede moet opgemeet en opgekamp word om orde te handhaaf. Vee diefstal is aan die orde van die dag in hierdie gebied bloot omdat vee orals wei.

(iii) Die Staat moet so gou doenlik landbouskole in die kommunale gebied vestig sodat ons mense, wat vir so lank die reg na kennis ontneem is, nou opgelei kan word om die basiese beginsels van boerdery kan leer.

2/.....

(iv) Ons wil graag hê dat die area wat bekend staan as Korridor opgedeel moet word vir al die mense wat daar vir dekades woon. Ons voel dat die gebied in produktiewe eenhede van 2 000 hektaar opgemeet moet word, en dat die inwoners deur die Staat gehelp moet word om eiendomsreg te kry op die eenhede.

(v) Deur middel van die vorige bedeling het ons ten minste 28 boere op plase gevestig. Hulle het eiendomsreg op die grond bekom. Die regering van Namibia moet meer boere help deur plase te koop en dit teen billike pryse te verkoop.

(vi) Die Staat moet soos van ouds toe die Blankes vestigingsskemas ingestel het om hulle mense te help, onmiddellik 'n skema uitwerk om Swartboere in die kommersiële boerdery-areas te vestig.

Ter afsluiting die volgende:

Om wet en orde te handhaaf, moet daar gewaak word teen die onverantwoordelike beweging van mense van die een area na die ander, bloot omdat ons vryheid van beweging toepas. Niemand mag sonder toestemming op ander groepe se grond huis oprig of boer nie. Tradisionele leiers en stamowerhede moet volle reg hê oor hulle grond.

Opperhoof v/d [illegible]